14 Junie 2026
Oggend diens
Sing: Ps. 147:1,2; Ps. 147:5; Ps. 71:1,9; Ps. 121:1,4; Skr. 45:1,3.
Lees: Rut 1:6-22
Teks: Rut 1:16
Tema: God se kinders lê hulle sonde af en leef in gemeenskap met Hom en mekaar
Die aflegging van ons sonde.
Naomi het gehoor dat die Here weer uitkoms in Israel gegee het, daarom besluit sy om terug te keer na Israel. Sy probeer om Rut en Orpa te laat teruggaan na Moab, maar Rut het by haar gebly. Sy het haar sondige volksbestaan afgelê om in 'n nuwe lewe saam met Naomi te leef. Dit is gedoen nie met die vooruitsig van groot voorspoed nie, maar in hulle ellende het sy hoop gehad dat hulle wel versorg sal word. Ons moet bereid wees om eindelik alles prys te gee ter wille daarvan om Christus na te volg
Lewende gemeenskap met God.
Die eerste teken van hoop wat sy openbaar uit haar baie bekende belydenis is dat die God van Naomi, dus die lewende verbondsgod ook haar God is. Sy tree dus dadelik in lewende gemeenskap met God en hy ook met haar. Sy het haar bestaan prys gegee terwille van hierdie nuwe lewe. Ons sien dit in de wonderlike genade dat juis uit haar Dawid gebore word, uit wie Jesus Christus gebore is. Jesus het ons ook so in 'n lewende verhouding met God geplaas deur die versoening wat hy vir ons bewerk het.
Lewende gemeenskap met mekaar
Rut het egter nie net by 'n persoonlike verhouding met God gebly nie maar sy het ook in die lewende gemeenskap met die volk van God getree. God het vir Hom 'n volk uitgekies uit alle volke nasies en tale. Israel is die Ou Testamentiese kerk van die Here en Rut het hier in hierdie gemeenskap ingetree. Geloof vra van ons juis dit. So persoonlik as wat ons geloof is so gemeenskaplik is dit ook en moet ons dit in die kerk van die Here uitleef.